SENWES
TUSSENTYDSE RESULTATE
Oktober 2008

BREEK NUWE GROND

Senwes

Resultate per segment

Marktoegang

- **Graan voorraadvlakke keer terug na normaal**
- **Verhoogde graanontvangste en silo inkomste**

Insetverskaffing

- **Resultate volg die positiewe marktendens van die somer aanplantingsiklus**
- **Benut positiewe produsente investeringsiklus in meganisasie**

Kredietverskaffing



- **Goeie kredietverleningspraktyke voortgesit**
- **Gesonde finansieringsboek reflekteer 'n goeie resultaat**

Finansiële hoogtepunte

+74,7%

R173 miljoen
Netto wins vir tydperk

+88,7%

95,1 sent per aandeel
Wesensverdienste per aandeel

+82,2%

R317 miljoen
Bedryfswins

+97,6%

R6,7 miljard
Inkomste - voortgesette bedrywighede

42,1%
Eie kapitaal tot netto bates (netto van kontant)

R148 miljoen
Netto positiewe kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite

15 sent per aandeel
Interim dividend verklaar

Die ongeouditeerde tussentydse resultate vir die ses maande tot 31 Oktober 2008 is soos volg:

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% verandering	**2008 Ongeouditeer R'm**	2007 Ongeouditeer R'm	2008 Geouditeer R'm
Inkomste	+ 97,6%	**6 678**	3 380*	7 640
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (VVRBDA)	+ 77,4%	**330**	186	374
Depresiasie en amortisasie		**(13)**	(12)	(24)
Bedryfswins voor finansieringskoste (VVRB)	+ 82,2%	**317**	174	350
Finansieringskoste		**(74)**	(59)	(126)
Wins na finansieringskoste	+ 111,3%	**243**	115	224
Beleggingsinkomste		**2**	20	26
Wins voor belasting	+ 81,5%	**245**	135	250
Belasting		**(72)**	(36)	(75)
Netto wins vir die tydperk	+ 74,7%	**173**	99	175
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers		**172**	98	173
Minderheidsbelang		**1**	1	2
		173	99	175
Rekonsiliasie: Wesensverdienste				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers		**172**	98	173
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**-**	(8)	(19)
Wesensverdienste	+ 88,7%	**172**	90	154
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik ('000)		**180 789**	180 789	180 789
Verdienste per aandeel (sent)		**95,1**	54,8	95,7
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**95,1**	50,4	85,2
Interim dividend per aandeel (sent)		**15,0**	**40,0**	**40,0**
Normaal		15,0	10,0	10,0
Spesiaal		**-**	30,0	30,0
Finale dividend per aandeel (sent)		**-**	-	14,0
Totale dividend per aandeel (sent)		**15,0**	**40,0**	**54,0**
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**548**	465	466

* Die inkomste van 2007 is geherstateer ten einde beter openbaarmaking en vergelykbaarheid met huidige jaar te verseker.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2008 Onge-ouditeer R'm	2007 Onge-ouditeer R'm	2008 Geou-diteer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**209**	186	190
Finansiële bates	**5**	5	4
Termyn debiteure	**115**	66	115
Uitgestelde belasting	**62**	56	67
	391	313	376
Bedryfsbates			
Voorraad	**748**	634	734
Handels- en ander debiteure	**971**	665	1 000
Agentskapsgraandebiteure	**240**	233	230
Kontant en kontantekwivalente	**162**	210	35
	2 121	1 742	1 999
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**1**	1	-
Totale bates	**2 513**	2 056	2 375
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Nie-verdeelbare reserwe	**62**	56	67
Behoue inkomste	**859**	715	706
	989	839	841
Minderheidsbelang	**1**	1	2
	990	840	843
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende langtermynlenings	**350**	-	-
Langtermyn werknemer voordele	**4**	1	3
Aftreevoordele – verpligting voorsien	**86**	76	76
	440	77	79
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	**603**	513	579
Rentedraende korttermynlenings	**388**	546	761
Lenings vanaf verwante partye	**44**	43	42
Voorsienings	**48**	37	71
	1 083	1 139	1 453
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**2 513**	2 056	2 375

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2008 Onge-ouditeer R'm	2007 Onge-ouditeer R'm	2008 Geou-diteer R'm
Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer	**383**	183	438
Beleggingsinkomste	**2**	20	26
Belasting betaal	**(41)**	(94)	(120)
Finansieringskoste betaal	**(74)**	(59)	(126)
Kontantwins	**270**	50	218
Dividende betaal	**(25)**	(30)	(103)
(Verhoging)/verlaging in bedryfskapitaal	**(64)**	131	(348)
Kontantvloei uit bedrywighede	**181**	151	(233)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(33)**	6	-
Netto kontantvloei	**148**	157	(233)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**351**	-	1
Netto toename in kontant beskikbaar	**499**	157	(232)
Netto korttermynlenings en kontant aan begin van tydperk	**(768)**	(536)	(536)
Netto korttermynlenings en kontant aan einde van tydperk	**(269)**	(379)	(768)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Uit-gereikte aandele-kapitaal	Nie-verdeel-bare reserwe	Behoue inkomste	Minder-heids-belang	Totaal
	R'm	**R'm**	**R'm**	**R'm**	**R'm**
Saldo 30 April 2008 (Geouditeer)	68	67	706	2	843
Netto wins	**-**	**-**	**172**	**1**	**173**
Oordrag vanaf nie-verdeel-bare reserwe	**-**	**(5)**	**5**	**-**	**-**
Dividende betaal	**-**	**-**	**(25)**	**(2)**	**(27)**
Billike waarde aanpassing	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Saldo 31 Oktober 2008 (Ongeouditeer)	**68**	**62**	**859**	**1**	**990**
Saldo 30 April 2007 (Geouditeer)	68	315	388	2	773
Netto wins	-	-	98	1	99
Oordrag vanaf nie-verdeel-bare reserwe	-	(259)	259	-	-
Dividende betaal	-	-	(30)	(2)	(32)
Saldo 31 Oktober 2007 (Ongeouditeer)	68	56	715	1	840

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE

1. REKENINGKUNDIGE BELEID EN AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die Senwes Groep se finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS). Die finansiële state voldoen ook aan IAS 34 (Tussentydse Finansiële Verslagdoening) en tersaaklike wetsartikels van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 1973, soos gewysig. Die rekeningkundige beleid en aanbiedingsgrondslag is konsekwent toegepas met die van die vorige jare.

2. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2008 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R33 miljoen aangekoop en R1 miljoen is vervreem.

3. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

3.1 Senwesbel en RBF Konsortium

Die direksies van Senwesbel Bpk (35,5% aandeelhouding) en RBF Konsortium (32,6% aandeelhouding) oefen beduidende invloed uit oor die beheer van die Maatskappy. Dividende van onderskeidelik R8,9 miljoen en R8,2 miljoen is gedurende die tussentydperk aan Senwesbel en RBF betaal. Rente van R2,6 miljoen is ook in hierdie tydperk aan Senwesbel betaal op die leningsrekening aan Senwes.

3.2 Handelsdebiteure - direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit rekenings vir produksiekrediet sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rente op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

Op 31 Oktober 2008 het die direkteure die Groep R5,2 miljoen op bogenoemde rekenings geskuld. Dit is ingevolge die kredietbeleid deur toepaslike sekuriteit verskans.

4. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

'n Saak van beweerde onmededingende praktyke is deur 'n graanhandelaar teen Senwes by die Mededingingskommissie aanhangig gemaak. Senwes het die klagtes ontken en die verhoor daarvan is afgehandel. Senwes is tans in afwagting op die uitspraak wat voorbehou is.

5. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R13 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R1 miljoen deur die direksie gemagtig is, maar nog nie gekontrakteer is nie.

6. SEGMENTONTLEDING

		Segmentinkomste		
			6 maande geëindig 31 Oktober	12 maande geëindig 30 April
	% verander-ing	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm
Kredietverskaffing	+ 60%	69	43	120
Insetverskaffing	+ 68%	1 289	765*	1 573
Marktoegang	+ 108%	5 292	2 548	5 902
Diverse bedrywe	+ 19%	25	21	39
Normale bedryfsaktiwiteite	+ 98%	6 675	3 377	7 634
Nie-toedeelbaar en Korporatief		3	3	6
Beleggingsinkomste		-	-	-
Totale inkomste		6 678	3 380	7 640
Wins voor belasting				
Belasting				
Wins na belasting				
Minderheidsbelang				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers				

* Die inkomste van 2007 is geherstateer ten einde beter openbaarmaking en vergelykbaarheid met huidige jaar te verseker.



Segmentresultaat

% verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2008 R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2007 R'm	12 maande geëindig 30 April 2008 R'm
+ 100%	**24**	12	44
+ 109%	**92**	44	83
+ 157%	**180**	70	138
+ 33%	**4**	3	3
+ 133%	**300**	129	268
	(57)	(14)	(44)
	2	20	26
	245	135	250
	(72)	(36)	(75)
	173	99	175
	(1)	(1)	(2)
	172	98	173

Kommentaar

BEDRYFSOORSIG

Senwes het gedurende die afgelope twee jaar sy vermoë om tydens moeilike omstandighede goed te kan presteer, bewys – ongeag die toestande wat geheers het. Die maatskappy het sy potensiaal gedurende die eerste ses maande van dié finansiële jaar onder meer normale en positiewe toestande gedemonstreer en uiters bevredigende resultate is ter tafel geplaas. Die feit dat die syfers vir die eerste ses maande van die finansiële jaar reeds gelykstaande is aan die syfers vir die totale vorige jaar, maak dié prestasie selfs meer indrukwekkend.

Inkomste het met 98% na R6,7 miljard verhoog, terwyl bedryfswins voor rente en belasting dieselfde tendens gevolg het met 'n 82%-verhoging van R174 miljoen na R317 miljoen. Netto wins na belasting het met 75% vanaf R99 miljoen na R173 miljoen verhoog, waarvan R172 miljoen toedeelbaar is aan aandeelhouers.

Verdienste per aandeel het met 73% verhoog na 95,1 sent per aandeel en dieselfde syfer word gereflekteer ten opsigte van wesensverdienste per aandeel. Teen die huidige prys per aandeel van ongeveer R5,20, is die opbrengs reeds meer as 18% vir die ses maande (nie-geannualiseer). Die opbrengs op openingsekwiteit vir die ses maande beloop 20,4% (nie-geannualiseer).

Die netto batewaarde per aandeel het met 82 sent verhoog na R5,48 per aandeel en 'n gesonde eie kapitaal verhouding van 39% vir die Groep word gereflekteer, vergeleke met die jaareindverhouding van 35%. Dit, ten spyte van die beduidende balansstaatgroei weens 'n verhoging in insetpryse en addisionele markaandeel groei soos dit reflekteer in die groei in voorraad en debiteure syfers.

Die positiewe tendens ten opsigte van kontantvloei is voortgesit en kontantvloei was R148 miljoen positief, voor inagneming van finansieringsaktiwiteite. Kontant gegenereer uit bedrywe het teenoor verlede jaar met R200 miljoen verhoog (109%) na R383 miljoen. 'n Kontantwins van R270 miljoen is gegenereer, wat ietwat verminder is met die verhoging in belegging in netto bedryfsbates (R64 miljoen), beleggingsaktiwiteite (R33 miljoen) en dividende betaal (R25 miljoen). Na verwagting sal die huidige somer aanplantingseisoen 'n beduidende impak hê op bedryfskapitaalbehoeftes weens verhoogde insetpryse en verhoogde markaandeel wat die huidige tendens gevolglik sal verlangsaam.

Bydrae per besigheidsegment tot die voorbelaste wins (R'm)



INSETVERSKAFFING (SENWES VILLAGE)
Die divisie se fokus om uitnemende dienste en produkte te lewer, sowel as die positiewe somer aanplantingsiklus, het uitstekende resultate gelewer. Die Meganisasie afdeling het sy bullopie voortgesit weens verhoogde produsentespandering uit die vorige jaar se goeie oes en uitstekende kommoditeitspryse. Resultate in hierdie segment het met 109% verhoog vanaf R44 miljoen in die vorige interim resultate na R92 miljoen.

MARKTOEGANG (SENWES GRAINLINK)
Die divisie was onder druk die vorige twee jaar weens laer aanplantings en droogtetoestande, wat 'n impak op volumes en graanvoorraadvlakke gehad het. Die situasie het vanjaar, soos voorspel, na normaal teruggekeer, weens die verhoging in graanontvangste en graanberging. Die resultate reflekteer 'n verhoging van 157% in vergelyking met die vorige jaar en 'n R180 miljoen wins na rente word gereflekteer.

KREDIETVERSKAFFING (SENWES CREDIT)
Goeie kredietverleningspraktyke en verfynde prosesse, sowel as verskerpte fokus op klantediens en gesonde groei, het uitstekende resultate vir die divisie gelewer. Netto wins na finansieringskoste het met 100% verhoog na R24 miljoen. Binne die sfeer van landboufinansiering, is dit belangrik om omsigtige finansieringspraktyke te volg en 'n gesonde finansieringsboek te bou. Die divisie het uitstekend daarin geslaag gedurende die eerste ses maande.

VERWAGTINGE EN ONTWIKKELINGS

Die eerste ses maande is histories meer winsgewend as die tweede ses maande, weens die somergraaninname. Winsgewendheid van die tweede ses maande sal na verwagting nie op dieselfde vlakke as die eerste ses maande wees nie. Die robuustheid van die Senwes model is onder moeilike omstandighede bewys oor die afgelope paar jaar en Senwes is derhalwe optimisties oor die nabye toekoms. Voorspellings met betrekking tot aanplantings is positief en die onlangse reën sal positief inwerk op die verskaffing van insette. Die Marktoegang divisie het ook 'n gulde geleentheid om munt te slaan uit hoër graanvolumes en verwagtinge is optimisties.

DIVIDEND

'n Interim dividend van 15 sent per aandeel (2007: 10 sent normaal en 30 sent spesiaal) is verklaar en sal aan alle aandeelhouers betaal word wat in die aandeleregister geregistreer is op 28 November 2008. Betaling sal na verwagting op 11 Desember 2008 geskied.

Met volmag van die Direksie

JE Grobler
Voorsitter

JJ Dique
Besturende Direkteur

SH Alberts
Direkteur: Finansies

27 November 2008

SENWES BPK
Registrasienommer 1997/005336/06

DIREKTEURE
JE Grobler (Voorsitter), JDM Minnaar (Ondervoorsitter), JJ Dique (Besturende Direkteur), SH Alberts (Direkteur: Finansies), F Strydom (Direkteur: Bedryf), JPL Alberts, JA Boggenpoel, JAE Els, AJ Kruger, NDP Liebenberg, J Mashike*, M Pooe, PR Pretorius, WH van Zyl.

*Alternatiewe direkteur: LM Ndala.

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7800
Webwerf: www.senwes.co.za

OORDRAGSEKRETARISSE
Die Maatskappysekretaris
Posadres: P/a Die Sekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7104

AANDELEVERHANDELINGSKAMER
Senwes Verhandelingskamer
Posadres: Die Sekretaris, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7105